DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
Die Basuin

# 13 Junie 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 15 & Galasiërs 5: 22 |
| **Tema** | In die vrug van die Gees proe ons Christus |
| **Sang** | Psalm 84: 1, 4<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>9-3: 1, 2<br>9-4: 1, 6<br>Psalm 134: 4 |

An apple a day keeps the doctor away' sê die Engelse spreekwoord. Dit is woorde waarmee die meeste van ons bekend is. In Galasiërs 5:22 gaan dit ook oor 'n vrug – 'n baie besondere vrug. Dit groei ook aan 'n baie besondere vrugteboom. Dit is die mooiste en heerlikste vrug op die hele wêreld: die vrug van die Gees. Kom ons bekyk hierdie vrug 'n bietjie nader.

*** Van gawes na vrug**

Om in tale te spreek, die gawe van genesing of die gawe van profesie trek aandag. Ons hoor nie so dikwels van gawes wat minder aandag trek nie. Dink hier maar aan onderrig gee, om te vermaan of om te dien. Maar al hierdie gawes is iets heel anders as die vrug van die Gees. Gawes verskil van persoon tot persoon. Ons lees in die Bybel oor een en dieselfde vrug by almal. Dit groei by elkeen in wie die Gees woon en werk. Wanneer ons die vrug met die gawes vergelyk, is dit duidelik dat die vrug die gawes ver oortref. Die vrug is mooier as enige gawe. In 1 Kor 13 lees ons van Liefde! Liefde is belangriker as enige gawe. 'n Mens kan oor die mees voortreflike gawes beskik, maar as jy nie liefde het nie, beteken dit niks.

**Waarom die woord vrug en nie werk nie?** Christus is die wingerdstok. Die vrugte groei aan die lote wat aan Hom geheg is. Die Gees neem dit uit Christus en plaas dit in ons. Hy laat die vrug groei, deur jou met Christus te verbind, en jou op Hom te laat vertrou. Kom ons bekyk eers die woord vrug. Dit is eintlik nogal leersaam. Dalk het jy 'n vrugteboom in jou tuin: maar wat kan jy eintlik bydra tot die groei van vrugte? Jy kan die boom bemes, snoei en natlei. Maar om vrugte te laat groei, is nie binne ons vermoë nie! Nie die begin van die proses of die verdere ontwikkeling nie.

As vrugte begin groei, kan jy dit nog bespuit teen peste. Jy kan die plant beskerm, sodat dit mooi groei en nie beskadig word nie. Maar dit is alles werk van buite af. Jy kan nie die proses self aan die gang sit nie. Ook nie die groei beïnvloed nie. Alles kom van God. Die hele begrip *vrug* beteken dit is nie afhanklik van ons prestasie nie. Die hart van ons Christelike geloof is immers: Dit is genade van God af. Hy doen alles vir ons. Die Gees kom hernu en verander jou hart, jou wil, verstand en gevoelens. In die '53 AV lees ons in Gal 5: 19 oor die ou mens en lees ons oor die *werke van die vlees.* Dan volg daar 'n hele lys van sondes: *owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid ... vyandskap, twis, jaloersheid ...* ens. Dit is eie werke, waarmee ons elke dag worstel. Teenoor hierdie *werke van die vlees* staan nou *die vrug van die Gees*! Vir hierdie vrug sorg God en die Gees laat dit groei.

* **Die gesindheid van Christus groei in ons:**

Hoe groei hierdie vrug? In Johannes 15 beskryf die Here Jesus hoe dit werk wanneer Hy vertel oor die wingerdstok, lote en vrugte. Christus is die wingerdstok. Die vrugte groei aan die lote wat aan Hom geheg is. Die Gees neem dit uit Christus en plaas dit in ons. Hy laat die vrug groei, deur jou met Christus te verbind, en jou op Hom te laat vertrou. Jy glo nou in Hom, in wie Hy is en wat Hy in jou doen en hoe Hy dit doen. Deur jou geloof begin Christus binne-in jou leef. Dink aan die sap wat uit die wingerdstok na die lote vloei. Dit het dan 'n resultaat: 'n vrug begin groei. Watter vrug? Oor hierdie vrug sien ons hierbo nege woorde: *liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.* Opvallend het dit alles met 'n nuwe gesindheid te doen. Die gesindheid wat in Christus is, begin in jou groei. Die eerste drie woorde is: liefde, blydskap en vrede. Wanneer ons Johannes 15 lees, kry ons: *liefde* (Joh 15:9): '*Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook lief. Bly in hierdie liefde van my.'* het Jesus gesê. Liefde kom van die Vader. God is liefde. B*lydskap* (Joh 15:11): '*Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word*.' Blydskap kom van Christus en die Vader. V*rede* (Joh 14:27): '...*my vrede gee Ek aan julle*.' Vrede kom van Christus en God. Hy is die God van vrede. By elke woord kom ons uit by Christus; en so by God. 'Lankmoedigheid' of geduld - so is God. God is 'n Vader met groot geduld. *Vriendelikheid.* In 2 Kor 10:1 staan daar: '*Ek ...bid julle by die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus ...'* Dit is hoe Christus is en só is God. By elke woord is dit duidelik van welke boom die vrug afkomstig is. Die vrug van die Gees groei slegs aan die boom: Christus. Aan die vrug ken ons die boom (Mat 7:15 ev.). Hier het ons te doen met die kern van die werk van die Gees. Hy leer ons om te glo in Christus en om in en deur Hom te leef. Hy hernu ons na Sy ewebeeld. Vanaf Pinkster het dit 'n werklikheid geword, wêreldwyd. Oral oor die hele aarde begin mense om soos Christus te lyk. Sy beeld word oral sigbaar.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat Vrydag ‘n operasie ondergaan. Ons dink aan Martie en Johan wat hom bystaan in die tyd.
* Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat ons vandag vier jongmense het wat openbare belydenis van hulle geloof doen. Ons bid julle die genade van die Here toe op hulle lewenspad. Baie geluk aan Tegan Kuilder, Carlien Slabbert, Annerie van der Walt en Enrize van der Walt. Baie geluk aan die ouers en grootouers met die mylpaal. Welkom aan al die familie wat vandag hier saam met ons is.
* Ons dink aan die matrieks en leerders wat voorberei om eksamen te skryf. Sterkte aan die ouers, kinders en onderwysers wat alles so normaal as moontlik laat gebeur. Ons bid vir julle.
* Ons dank die Here dat Hy ons bewaar en beskerm. Ons bid vir almal wat siek is, veral ons senior lidmate.
* Die Ouderlinge het op hulle vergadering, Maandag 7 Junie, besluit om die Nagmaal tot 1 Augustus 2021 aan te skuif, sodat ons die sakrament kan gebruik sonder om mekaar aan die virus bloot te stel. Intussen sal die ouderlinge voortgaan om huisbesoek te doen. Daar is praktiese reëlings wat intussen verander het, wat ons so gou as moontlik aan u sal deurgee.
* Ons bid vir almal wat swaarkry as gevolg van die pandemie. Mag die Here ons versorg. Baie dankie aan die Diakonie vir die werk wat hulle doen.

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter

# DIAKONIE

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skenkings van lyfroom en lip salf, ons het baie afgetrede lidmate wat in ouetehuise woon en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke ook leeg, en daarom vra ons skenkings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en 'n "stock" blokkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan 'n hele gesin die winter van 'n smaaklike ete voorsien.

Graag versoek ons lidmate wat lemoen en groente sakke het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk!*

*1 Korintiërs 16: 13*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 13 Jun | Lene Potgieter | 21 | B | 073 001 2904 |
| Ma 14 Jun | Rika Jongbloed<br>Welize Stander | 65<br>10 | B<br>D | 072 189 9319<br>082 477 8009 |
| Di 15 Jun | Annelize Van Tonder | 69 | B | 082 257 8592 |
| Wo 16 Jun | ***Elmaree Peyper ****<br>Deon Grobler | ***71***<br>57 | B<br>B | 082 795 9630<br>083 276 3701 |
| Do 17 Jun | ***Lottie Peyper ****** | ***93*** | B | 082 788 7337 |
| Vr 18 Jun | Ina Hamman | 62 | B | 083 651 7107 |
| Sa 19 Jun | Ernest Jansen<br>Jan-Carl Oosthuizen<br>JP Ferns | 60<br>34<br>30 | B<br>B<br>B | 071 524 8833<br>079 522 1992<br>076 238 1304 |

# KONSISTORIEDIENSBEURTE

**Diensbeurt:** Wyk B2

**Katkisasie:**

**Ouderling:** Douw Venter

**Diaken:** Shawn Koekemoer

# TEESKINKBEURTE

**13 Junie**

GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie

**20 Junie 2021**


Geen koffie of tee sal bedien word na die erediens nie.




**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 14 Junie | 18:00 | Kerk | Diakens Verg |
| 15 Junie | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 16 Junie | 18:30 | GEEN Publieke Vakansiedag | Bybelstudie |
| 16 Junie | 18:30 | GEEN Publieke Vakansiedag | Bybelstudie |
| 17 Junie | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| Woensdae | 19:00 | Pietrsburg-Noord Gemeente | Bybelstudie |
| Sondae na | erediens | Gideon De Klerk | Bybelstudie |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 60 000.00
R 50 000.00
R 40 000.00
R 30 000.00
R 20 000.00
R 10 000.00
R -
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP

*Chalet Grootte*
1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed  R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*
R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra.*

*Johannes 15: 1-2*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS